**Teks**

Genesis 3: 8-13; 21 & 23-24 & Eksodus 27:1-7 & Levitikus 16:1-6; 17-19 (AFR83)

**Fokusvers:**

Genesis 3:21

**Tema:**

Laat ons tot God nader op die weg deur Christus se bloed gebaan.

**Datum:**

23 Februarie 2025

## 1. <u>Inleiding</u>

In 2021 het die groot hoeveelheid reënval in Gauteng vir mense wat die N1 gebruik het, ŉ groot hoofpyn veroorsaak. Weens die baie water het daar ŉ groot sinkgat langs die pad ontstaan wat die pad aanvanklik versper het en baie mense het ŉ afdag gekry. Iewers het ons almal al ŉ soortgelyke verhaal gehoor. Die pad verspoel en jy is vasgekeer, hopelik by jou huis of ongelukkig by jou werk.

Hierdie is maar net ŉ werklikheid van ons almal se lewe. Iewers gaan jy voor ŉ toe deur of ŉ padversperring te staan kom. Letterlik of figuurlik gaan daar iets wees wat ons totaal en al verhinder, daar is nie ŉ ander pad nie, selfs ‘n ompad gaan nie werk nie. Ons eie onvermoë om iets te doen in sulke oomblikke veroorsaak waarskynlik baie frustrasie en benoudheid.

Genesis 3 vertel vir ons van die presiese oomblik toe daar ŉ onoorkombare versperring tussen ons en die Here gekom het. Dit vertel van ŉ oneindig belangrike plek waartoe ons nie meer toegang het nie, naamlik God se teenwoordigheid. Maar Genesis 3 en die res van God se openbaring bring vir ons die evangelie, die goeie nuus van blydskap en hoop: **God self maak vir ons ŉ nuwe weg!**

Vanoggend stap ons dan deur verskillende dele van die Skrif om te sien hoe God te werk gaan om hierdie pad te baan. Ons het toegang, en God nooi ons om met vrymoedigheid hierdie pad te loop by Hom te wees en saam met Hom aan tafel te sit.

Kom ons begin eers by Genesis 3.

## 2. <u>Liggaam</u>

### 2.1. Sonde: van intimiteit tot verlatenheid:

Genesis 1 vertel van die skepping, of eintlik meer akkuraat van die Skepper van alle dinge. In die begin het God alles geskape, Hy doen dit baie noukeurig, met ŉ doel en ŉ pragtige orde. Die kressendo vind ons in vers 31: “*Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.*”

Genesis 2 vertel wéér oor die skepping en in baie besonderhede van die skepping van die mens. Wat merkwaardig is van hierdie skepsel is die **verhouding** tussen hom en die Skepper. God maak ŉ tuin en Hy laat die mens daar woon (2:8).

Die mens sal egter nie alleen in die tuin wees nie, tesame met die diere gee die Here ook vir hom iemand wat hom kan help, sy gelyke die vrou (2:18, 22). Die man is beïndruk met sy gelyke, soveel so dat hy selfs ŉ loflied sing (2:23-24). Dan vind ons weer die kressendo: "*Hulle twee, die mens en sy vrou, was kaal, maar hulle was nie skaam nie.*"

In die tuin was daar geen skaamte of tekort nie, maar reinheid, vrede en oorvloed. Daar was vir die mens ŉ opdrag, ŉ doel en lofsang. Maar wat alles oortref het, is dat die Here God self by die mense teenwoordig was. Hy het die tuin gemaak en vir die mens ŉ plek gegee waar hulle saam met Hom kan woon en wandel. Hy het vir hulle ŉ tuin gegee waar hulle in sy teenwoordigheid kon aanbid en eet.

In Genesis 3:8 lees ons dat die "*mens gehoor het hoe die Here God in die tuin wandel.*" Wandeling wys na ŉ daad wat **herhaaldelik** en **gereeld** plaasgevind het. ŉ Ontmoeting tussen God en mense in die tuin sou natuurlik en te verwagte gewees het. **[LS]**

Maar hierdie dag was dit anders. **[P]**

Uit moedswillige ongehoorsaamheid, en deur die aanhitsing van die duiwel, het die mens homself en sy hele nageslag van die gawe van God se teenwoordigheid beroof (V&A 9). Die mens het geëet van die boom van kennis van goed en kwaad en die opdrag van die Here verontagsaam.

Sonde het ŉ verwoestende effek gehad op elke verhouding. Die mens het nou ŉ gebroke verhouding met die skepping (3:16-19). Die mens het ook ŉ gebroke verhouding met ander mense, daarom sê Adam (3:12): "*Die vrou wat U vir my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet.*"

Alle vrede, reinheid en skaamteloosheid is weg en net vrees, benoudheid en skaamte bly oor. Die Here vra vir Adam (3:9): "*Waar is jy?*" God is nie onseker oor Adam se ligging nie, dit is 'n retoriese vraag. Dit is nie om inligting te bekom nie, maar dit is 'n aanklag wat lei tot ondersoek. Die Regter van die hele aarde roep die mens tot verantwoording oor sy dade. Die Here vra eintlik "*waarmee is jy besig, wat het jy gedoen?*"

Adam verstaan die bedoeling van die vraag. Hy sê nooit wáár hy is nie, maar hy antwoord waarmee hy besig is (3:10): "*Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip.*" Vrees vir God se teenwoordigheid, skaamte en 'n skuldige gewete.

Die verhouding wat die meeste skade gelei het, is die een tussen ons en God. Daar is 'n rede hoekom Adam en Eva weggekruip het. Dit noodsaak God om die mens weg te stuur uit sy teenwoordigheid. Die sondaar mens kan nie voortleef in die teenwoordigheid van die Heilige en Almagtige nie.

In vers 23 lees ons: "*Daarom het die Here God die mens* ***weggestuur*** *uit die tuin van Eden uit.*" In vers 24 word dieselfde gedagte <u>herhaal</u> en <u>uitgebrei</u>: "*Die Here God het die mens* ***uitgedryf****.*" Die mens het nie die tuin eiewillig verlaat nie, hulle word ook nie sagkens na die tuin se rand begelei nie. Hulle is uitgegooi! Sonde bring skeiding, van intimiteit tot verlatenheid. **[LP]**

### 2.2. Hoop: 'n Weg tot God:

**Genesis 3:**

Genesis 3 is die diepste laagtepunt in die mens se geskiedenis en tog is daar hoop en troos te vinde:

i. Eerstens: Terwyl die mense wegkruip vir God, sien ons hoe Hy hulle nogtans opsoek. Vers 9: "*Maar die Here God het na die mens* ***geroep****.*" Alhoewel die vraag

die mens homself laat ondersoek, is dit vol sagmoedigheid. Die Regter van die aarde wat ondervra is ook Skepper en **Verlosser** wat verlorenes opsoek.

God word (in v.9) ook op sy **verbondsnaam** genoem, Here. Die een wat 'n verhouding met die mens het.

ii. Tweedens: In vers 21 maak die Here God vir die mens en sy vrou velklere en Hy trek dit vir hulle aan. Hulle eie poging om hulle sonde, skuld en skaamte te bedek is tevergeefs. Hulle moet **buite hulself** soek na verlossing. God doen wat hulle nie vir hulself kon doen nie.

Die velklere bevestig en herinner die mens aan sy sonde, maar dit is ook vooruitskouend tot die weg van verlossing. Die Bybel bevestig veral die laasgenoemde herhaaldelik – iets wat God as 'n waardige **plaasvervanger** ag, moet sterf in die plek van 'n mens sodat hy mag lewe: "***Sonder** die vergieting van **bloed** vind daar geen vergewing plaas nie.*" (Heb. 9:22)

iii. Derdens: Aan die **oostekant** van die tuin van Eden is daar 'n ingang. Om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak, sit God dáár gerubs en 'n vlammende swaard wat heen en weer beweeg. **[P]**

Geliefdes, van Genesis 3 tot Eksodus 27 openbaar die Here meer en meer van Homself. Hy nooi mense uit om met Hom gemeenskap te hê. Hy rig 'n verbond op met Abram en sy nageslag. Hy verlos die Israeliete uit Egipte en bevestig die verbond met hulle. God maak sy teenwoordigheid bekend onder hulle in die wolk- en vuurkolom en voorsien vir hulle van kos en alles wat hulle nodig het.

Dan daal God met heerlikheid neer op berg Sinai en praat met sy volk deur Moses. Hy sê vir Moses (Eks. 25:8): "*Die volk moet vir My 'n heiligdom oprig dat Ek tussen hulle kan woon.*" God wil graag onder hulle woon en vir hierdie doeleinde gee Hy instruksies vir die bou van die tabernakel.

In Levitikus leer die Here die volk dat niemand sommer maar net tot Hom mag nader nie. Daar is ŉ bepaalde manier hoe dit moet gebeur. Die mens kan weens sy sonde en onreinheid nie sommer net die Here nader nie, daar is ŉ pad wat gestap moet word.

Die **simboliek** van die tabernakel en die toetrede tot God is pragtig:

- In die hart (middel) van die Israeliete se kamp in die woestyn word die tabernakel gebou. Dit word die *huis van God* genoem. Soos hulle woon die Here ook in ŉ tent, Hy woon onder sy mense.
- Daar is ŉ buitehof wat rondom die tabernakel opgerig word. In die verste deel van die tabernakel is die ark van God. Daar sit God op sy troon en dit word die *allerheiligste* genoem. Hy is daar, in sy volle heiligheid, teenwoordig onder die volk.
- Maar enige mens kan nie sommer tot God nader nie. In Levitikus 16:1 lees ons dat Ääron se seuns sterf, omdat hulle nie die weg, wat God bepaal, stap nie. Die weg tot God kom deur offers en bloed.

In Eksodus 27:13 vind ons die beskrywing van die voorkant en ingang van die voorhof. Dit is aan die oostekant, wat teruggryp na die tuin van Eden. Die tabernakel is God se manier om die mens toegang te gee tot sy teenwoordigheid. Op hierdie pad na God se teenwoordigheid, loop die mens heel eerste vas teen die brandofferaltaar (27:1-7).

Vir die mens se sonde en skuld moet daar geoffer word. Die altaar getuig dat daar ŉ aangewysde plaasvervanger vir die mens moet wees sodat hulle vergifnis kan ontvang en gemeenskap met die Here kan geniet.

Die Here rig vir sy volk ŉ weg op na die heiligdom tot sy teenwoordigheid. Dit kom deur offers en bloed. Maar ons moet nie dink dat ŉ mens vir elke offer ŉ hele dier moes verbrand nie. In die offersisteem is daar baie belangrike beklemtoning:

- God wil hê sy volk moet **saamkom** om in sy teenwoordigheid Hom te **aanbid**. Daar is ŉ belangrike gemeenskaplike element met elke offer.

- Die volk moes ŉ dier doodmaak en bloed vergiet. Hulle doen dit by die ingang van die tabernakel (in die teenwoordigheid van God). Daar moet hulle sekere dele as brandoffer verbrand, maar baie dele word gaar gebraai en saam geëet. Net soos in die tuin voorsien God vir die mens van kos wat hulle eet.
- Deur die offers is hulle oor en oor herinner aan ŉ plaasvervanger wat vir hulle versoening bewerk het. Die offers het ook gedien tot vergifnis en bedekking van hulle sondes, net soos die velklere vir Adam en Eva. **[LP]**

### 2.3. Volkome weg van verlossing:

Geliefdes in ons Here Jesus. Vandag is ons in die erediens bymekaar om die Here te ontmoet. Hy nooi ook elke ware gelowige om te kom aansit by die nagmaaltafel, waar ons saam gaan eet en die verlossingsoffer van die Here herdenk.

En tog het ons nie gekom by die tabernakel, brandofferaltaar of by die bloed van bokke en bulle nie. Ons het gekom by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, en by die besprinkeling van sy bloed (Heb. 12:24). Met sy eie bloed en nie met dié van bokke en kalwers nie, het Hy net een maal die heiligdom binnegegaan en ŉ ewige verlossing tot stand gebring (Heb. 9:12).

Onder die eerste verbond moes daar keer na keer geoffer word. En alles is gereinig deur bloed en sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie. Hebreërs 9:(19-22) verduidelik dat Moses alles in en by die tabernakel moes besprinkel met die bloed van kalwers en bokke om dit te reinig. Hy moes ook die wetboek self sowel as die hele volk besprinkel en sê: "*Dit is die bloed van die verbond wat God vir julle ingestel het."*

Maar ons het gekom by Christus. Die aand toe Hy verraai is, het Hy die beker met wyn geneem, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, het hy dit aan sy dissipels gegee en gesê: "*Drink almal daaruit, want dit is* ***my bloed****, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes.*"

Hy is self die volmaakte offer deur wie se bloed ons sondes af gewas word. Hy het dit gebring in die teenwoordigheid van God. Trouens, die Woord het mens geword en onder ons kom woon (Joh. 1:14). Hy is God self wat onder ons kom woon het, letterlik kom tabernakel het.

Wat is die gevolgtrekking van al hierdie dinge:

Ons het, deur die bloed van Jesus, vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur sy liggaam heen:

- Laat ons ons geloof en vertroue op Christus se volkome offer aan die kruis rig. Die offer wat die enigste grondslag en fondament van ons saligheid is.
- Kyk vandag verder as die tekens van brood en wyn. Kyk na Christus wat die ware voedsel en drank van die ewige lewe is. Deur sy dood het Hy die oorsaak van ons ewige honger en kommer, naamlik die sonde, weggeneem.
- Laat ons dan tot God nader met opregte harte en met volle geloofsekerheid.

## 3. <u>Slot</u>

Geliefdes ek sluit af.

In die Here se goedertierenheid wil Hy graag onder ons woon. Hy baan self die mens se weg tot Sy teenwoordigheid. Die offers voor Christus wys heen na Christus. Maar vandag kyk ons nie net terug na Christus se volkome offer aan die kruis nie.

Ons kyk vandag ook vorentoe. Die fees van die nagmaal laat ons met groot verlange uitsien na die bruilofsmaal van die Lam. Dan sal God 'n nuwe hemel en nuwe aarde maak en Hy sal sy volk laat aansit om te eet in sy teenwoordigheid en ons sal sing:

"*U is waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, U wat as offer vir ons sondeskuld geslag is.*"

Amen